

KOERSVAS

Uitgawe 8 Jaargang 1 8 Februarie 2013



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Geloofsbond

Redaksioneel

Die skrywe wat aan predikante van die NHKA gestuur is, het betrekking. Daarin word 'n eensydige prentjie geskets van die hof se beslissing ten opsigte van ds Jaap Steenkamp se dringende aansoek by die Hooggeregshof. Ter wille van balans net enkele aanvullende inligting. Die aansoek was gebring; aangesien dit voorgekom het dat die KommAKV ds Steenkamp wou onthef uit die amp. (Die antagonisme teen hom is tog ook duidelik sigbaar in die ter sprake skrywe) Dit het baie moontlik gelyk teen die agtergrond van die wederregtelike optrede teenoor ds Mouton, waartydens hy summier van die amp onthef is, teen enige Kerkordelike reëling in. Die regter is deur twee argumente oortuig dat die aansoek nie dringend was nie. Die eerste was dat daar tien dae verloop het tussen die skrywe van die Kommissie en die aansoek. Daar is regters wat sou vra: "Wat het julle gedoen om dringendheid te vermy?" Daardie tien dae is gebruik om die situasie te ontloot en dan sou dit vir sekere ander regters lyk asof die saak nie dringend genoeg is nie. Die

tweede rede vir sy besluit is dat die Kommissie daar in die hof onder eed verklaar het dat daar geen planne rondom dissiplinêre stappe is nie en dat hulle net op 'n vriendelike trant met ds Jaap wil praat. Die regter het nie die saak met koste uitgegooi nie. Daar is duidelik genoeg meriete in die saak vir dit om op die gewone rol van die Hooggeregshof geplaas te word. Wat opvallend was, is dat die regter ten spyte van die NHKA se regsplan, om die hof te manipuleer deur die apartheidskaart te speel, steeds die meriete van die saak erken het en gestel het dat hy die (*bona fides*) goeie trou van ds Steenkamp aanvaar. Dit beteken bloot dat die saak later aangehoor sal word en dat die NHKA die hof kon oortuig dat die saak nie dringend was nie, en niks anders nie. Hulle pogings om die saak met koste uitgegooi te kry, het nie geslaag nie.

Nuusbrokkies

- Die vergadering van steedsHervormers te Meyerspark was uiters geslaagd. Meer as 200 mense het die historiese

byeenkoms bygewoon. Die verklaring later in KOERSVAS gee meer inligting.

- Die KommAKV het saam met Pietersburg Welgelegen besluit om 'n hofaansoek rondom eiendomme te bring teen Oostelike Pietersburg. Meer hieroor in die SKIETLOOD.
- Dr Malan Storm was op 27 Januarie 39 jaar reeds predikant. Geluk met die besondere prestasie, en ons bid dat die Here u voortgesette arbeid sal bly seën.

Geloofsbond - Besluittyd

Saterdag 26 Januarie 2013 sal altyd bekend staan as die dag waarop die Bond van onafhanklike Hervormde kerke tot stand gekom het. Die byeenkoms van steeds-Hervormers wat te Meyerspark plaasgevind het, was 'n uiters geslaagde geleentheid. Aan God al die eer. Die fasiliteite was doelgerig ingerig, die lokale keurig voorberei en die administrasie foutloos. 72 Persone was afgevaardig, met 'n ope uitnodiging aan ander om die vergadering by te woon. Enige persoon wat sou twyfel oor die momentum van die beweging, moet kennis neem dat meer as 200 persone geregistreer het. Die byeenkoms is uitstekend ondersteun.

Nadat dr Storm 'n studiestuk (deur Professor Pont en homself geskryf), aangebied het, het die vergadering in debat getree, met 'n ope uitnodiging aan almal om deel te neem. Die debat het met tye gespanne verloop, met tye was gemoedere onstuimig. Dit het niemand verhoed om met vrymoedigheid en eerlikheid eie oortuiging te lug nie. Na deeglike besinning het die volgende resultate gekristalliseer.

- Die Onafhanklike/Selfstandige gemeentes teenwoordig, het 'n bond van Onafhanklike gemeentes gestig met 'n ope uitnodiging aan ander Onafhanklike/Selfstandige gemeentes om aan te sluit. Die besluit is eenparig geneem.
- Die Bond het as komitee benoem; die ampsdraers en lidmate van Onafhanklike gemeentes wat op die steeds-Hervormers komitee dien. Die besluit is eenparig geneem.
- Die eerste vergadering van die nuut gestigde Bond sal plaasvind sodra alle relevante studiestukke beskikbaar gestel en deur gemeentes verwerk is. Die verkose komitee sal die reëlings tref.
- Die steedsHervormers het eenparig gestem vir 'n verruiming van hulle selfverstaan. Waar die drukgroep voorheen gerig was op spesifiek lidmate, en in afgeleide sin NHKA-lidmate en gemeentes, het die vergadering besluit om hulle selfverstaan so te verruim dat Onafhanklike gemeentes amptelik deel van die Konfessionele bond van steedsHervormers kan wees.
- Die komitee is onbestrede herkies en hernoem tot die Koördineringskomitee.
- Die vergadering het verdeel in verskillende komitees wat sake van belang sou bespreek met die oog op die opstel van studiestukke vir die eerste vergadering van die Bond van Onafhanklike kerke.
- Die Bond van Onafhanklike Hervormde gemeentes sal tydens hul eerste vergadering besluit oor teologiese opleiding, 'n naam, embleem en ander sake.

Daar is reeds konsensus oor teologiese sake.